Gimmie Griffie

13 April 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 11***

GEAGTE OUERS

Welkom terug aan al die personeel, leerders en ouers na die vakansie. Ons hoop almal het dit baie geniet. Dankie vir al die spanne wat betrokke was by klinieke, toere en oefenkampe. Dit het in die meeste gevalle met al ons spanne baie goed gegaan. Die doel van hierdie wedstryde is primêr oefening, span-keuses uitsorteer en spanbou.

Gimmies het die afgelope vakansie weer 'n toekenning van die nasionale Onderwysdepartement ontvang. Na 2017 se matriekuitslae is ons as die naasbeste akademiese skool vir kwintiel 4 in Suid-Afrika aangewys.

Baie sterkte met die naweek se PUK-Prestige-reeks kwartfinaal in Middelburg.

Ons versoek ouers om asseblief by die skool se reëlings te hou. Dit is nie nodig om kinders ure voor die tyd uit te teken nie, hulle verloor onnodige werk. Die skool sal reël dat almal betyds by wedstryde sal wees.

Die leerders ontvang vandag hulle puntestrokies van die eerste kwartaal. Daar is Dinsdag vanaf 18:00 tot 20:00 'n ouervergadering. Alle ouers is welkom om probleme met die personeel te kom bespreek. Sekere leerders sal spesifiek 'n uitnodiging kry wat u asseblief moet nakom.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 16 April
Gholf: L3 Leopard Park
Seunshokkie: o/14B KPS (tuis)

Dinsdag 17 April
Fotodag (individueel) Gr. 8 & 9
Netbalproewe (Volkies)
Oop-oueraand: 18:00-20:00

Woensdag 18 April
Seunshokkie 2de LTX (tuis)

Donderdag 19 April
Seunshokkie: o/14B, o/16B PTHS (weg)
Skyfskiet: liga 2 (Potch)

Vrydag 20 April
Skyfskiet: liga 2 (Potch)
PUK-reeks: (klein sporte) semifinaal
Driehoek (weg): 12:00

Saterdag 21 April
Skyfskiet: liga 2 (Potch)
PUK-reeks: semifinaal Driehoek (weg)

WINTERSPORT: 13-14 APRIL

Die kwartfinaal van die PUK-reeks vind die komende naweek in Middelburg plaas.

Rugby

A-veld
09:00 o/14A vs. Zwartkop
11:00 o/15A vs. Zwartkop
13:10 o/16A vs. Zwartkop
16:50 1ste vs. Middelburg

B-veld
13:20 2de vs. Randburg

C-veld
12:00 3de vs.Zwartkop

D-veld
11:00 o/14B vs. Driehoek
13:00 o/15B vs. Middelburg

Die o/16B- en 4de span speel nie.

Netbal

Baan 1
09:40 o/14A vs. Zwartkop
13:50 o/19B vs. Zwartkop

Baan 2
10:20 o/15B vs. Middelburg
11:00 o/15A vs. Middelburg
11:40 o/19A vs. Randburg
12:30 o/16B vs. Zwartkop
13:10 o/16A vs. Middelburg
14:30 o/17A vs. Middelburg

Baan 4
09:00 o/14B vs. Driehoek

Baan 5
09:40 o/17B vs. Driehoek

Dogtershokkie

Curro Bakenveld – Astro
09:10 o/14A vs. Zwartkop
11:30 o/15A vs. Middelburg
15:00 1ste vs. Driehoek

Curro Bakenveld – A-veld
10:20 2de vs. Zwartkop

Curro Bakenveld – B-veld
13:50 o/16A vs. Randburg

Middelburg Hoërskool C-veld
10:20 o/14B vs. Middelburg

WINTERSPORT UITSLAE

Die uitslae van die afgelope vakansie is soos volg:

RUGBY

o/14's (Voortrekker Bethlehem se Rugbyweek)
Wen twee wedstryde en verloor een.

o/15's (Ons eie Rugbyweek)
Wen twee wedstryde en verloor een.

o/16's Paarl Gimnasium en 1stes Oakdale se Rugbyweek
Baie sterk kompetisie en goeie geleentheid.

SEUNSHOKKIE

NWU-kliniek vir o/16
Wen twee wedstryde en verloor drie.

Menlopark-toernooi vir o/16
Die span verloor slegs een wedstryd uit nege en is die algehele wenner van die toernooi.

George-toernooi vir eerstespanne
Ons wen vier van die vyf wedstryde. Gimmies word as die span van die toernooi aangewys en Lumka Gebengana as die speler van die toernooi.

Noordwes-liga:
o/16B wen KHS o/16A 4-0
2de wen Tierkloof 1ste 3-1

DOGTERSHOKKIE

Baie geluk aan die eerstespan wat na afloop van die George-toernooi as die span van die toernooi aangewys is. Gimmies het vier uit die vyf wedstryde gewen.

Die o/14A- en o/15A-span het die o/16 NWU-kliniek bygewoon en die o/16A die NWU-kliniek o/18.

NETBAL

Al ons spanne het die Waterkloof-toernooi bygewoon en baie goeie ondervinding opgedoen. Die meeste wedstryde is gewen.

ATLETIEK

Baie geluk aan die volgende atlete wat almal in hulle onderskeie finale tydens die SA-skolekampioenskappe in Potchefstroom deelgeneem het:

Karmen Fouché: HS (goud) en VS (silwer). Karmen is ook vir die SA-span gekies wat later aan die Suider-Afrika-byeenkoms gaan deelneem. Baie geluk.
Miandi van Staden: 100m (brons), 4x100m aflos (brons) en *medley* aflos (goud).
Elri Prinsloo: 5000m stap (silwer).
Danielle Verster: 1500m (brons).
Wiane Joubert: SG (4de).
Donevan du Toit: 100m (4de).
Jonette Labuschagne: SG (5de).
Johan Stadler: 400m (6de).
Jacques Botha: SG (6de).
Leandri vd Westhuizen: GS (6de).
Nàdine Naudé: GS (7de).
Riandi Boshoff: DG (7de).
Wihan vd Merwe: SG (7de).
Sunel Smit: 1500m Hind (7de).
Anika vd Westhuizen: SG (8ste).
Lumka Gebengana: VS (10de).
Jacqueline van Rooyen: SG (10de).
Elmarie Naudé: HS (11de).
Phomelo Molale: VS (11de).

SKAAK

Baie geluk aan Anaïs Saayman wat die afgelope vakansie aan die SA-junior geslote skaakkampioenskappe deelgeneem het. Sy behaal 'n tiende plek in die o/16-dogtersafdeling.

MUURBAL

Elske Garbers het verlede kwartaal aan die SA-skole geslote muurbaltoernooi deelgeneem. Sy het die toernooi gewen en is die SA-skolewenner vir dogters o/14 vir 2018. Baie geluk, Elske.

MATRIEKAFSKEIDROK TE KOOP

- Werner Dey-skepping
- Kleur – rooi
- Lengte – lang
- Grootte – 32/34
- Kontakbesonderhede – Liane Smith 083 642 3260